



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 12 NOVEMBER 2015 OM 08:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl M Rangasamy  
Rdl R F van der Westhuizen  
Rdl M van Zyl  
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdh N J A Rust

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha  
Wvd Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

**1. OPENING**

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die komitee is voltallig. Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 14 OKTOBER 2015**

**BESLUIT**

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 14 Oktober 2015 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 4 NOVEMBER 2015**

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

## 5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

### 5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJESKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 4 NOVEMBER 2015

#### 5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

##### BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

##### BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

##### BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

## 6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

### 6.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 9 SEPTEMBER 2015

#### 6.1.1 ITEM 8.1: VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 7371, MALMESBURY (15/3/10-8) (WYK 8)

[Item 7.16 verwys]

### 6.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJESKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELING- EN BERSKERMINGSDIENSTE) GEHOU OP 4 NOVEMBER 2015

#### 6.2.1 ITEM 8.1: AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 4276, MOORREESBURG (15/3/10-9) (WYK 2)

'n Aansoek is ontvang vir 'n vergunningsgebruik op erf 4276, geleë te Bloekomstraat, Moorreesburg ten einde 'n huiswinkel wat vanuit 'n gedeelte van die bestaande woonhuis bedryf word, te wettig. Die geregistreerde eienaar is mnr Deboch Alemu Kabato.

##### BESLUIT

A Dat die aansoek vir 'n vergunningsgebruik op erf 4276, Moorreesburg vir 'n huiswinkel ingevolge artikel 7, Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskema regulasies van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

##### A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat die vergunningsgebruiksregte tot die huidige eienaar (mnr Deboch Alemu Kabato) van die eiendom beperk word en dat sodanige regte sal verstryk indien die betrokke eienaar die eiendom ontruim;
- (b) dat die goedkeuring vir die bedryf van die huiswinkel nie oordraagbaar is nie;
- (c) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

## 6.2.1(A1)/...

- (d) dat die nodige aansoek om oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word. Slegs een teken wat nie groter as 1m<sup>2</sup> in oppervlakte is nie en wat aan die muur van die woonhuis of buitegebou vas is, sal toegelaat word, en geen gedeelte daarvan mag die erfgrense oorskry nie. Die teken mag slegs die naam van die eienaar, naam van die besigheid en aard van die kleinhandelbesigheid aandui;
- (e) dat nie meer as drie persone, insluitend die bewoner van die woonhuis, by die sake-aktiwiteite van die huiswinkel op die grondeenheid betrokke mag wees nie;
- (f) dat die huiswinkel nie onderverhuur mag word nie;
- (g) dat die nodige maatreëls in die voorkoming van knaagdiere en insekte getref moet word;
- (h) dat die vloer van die huiswinkel skoon en higiënies gehou word;
- (i) dat slegs vooraf verpakte en verseëelde voedselware verkoop mag word;
- (j) dat geen voedsel voorbereiding binne die huiswinkel mag plaasvind nie;
- (k) die volgende word nie in 'n huiswinkel toegelaat nie:
  - verkoop van wyn en alkoholiese drank;
  - stoor of verkoop van gas en gashouers;
  - muntmasjiene;
  - video speletjies, en
  - snoeker- en potspeltafels, en
- (l) dat die eienaar by die Departement van Ontwikkelingsdienste vir die nodige handelslisensie aansoek moet doen;
- (m) dat die eienaar aansoek doen by die Weskus Distriksmunisipaliteit vir 'n geskiktheidsertifikaat;
- (n) dat 'n emmer met sand binne die huiswinkel vir brandbestryding voorsien word;
- (o) dat hierdie goedkeuring, tesame met die handelslisensie en geskiktheidsertifikaat binne die huiswinkel vertoon moet word;

**A2 WATER**

- (a) dat die huiswinkel van die bestaande enkele wateraansluiting gebruik maak en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

**A3 RIOOL**

- (a) dat die huiswinkel van die bestaande enkele rioolaansluiting gebruik maak en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

**A4 VULLISVERWYDERING**

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir die wooneenheid en besigheid gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;

B Dat die aansoek vir die volgende redes ondersteun word:

- (a) Dat die aansoek versoenbaar is met die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk soos van toepassing op Moorreesburg.

## 7. NUWE SAKE

### 7.1 AANSTELLING VAN OUDITKOMITEELEDE: ME L WARING EN MNR A M THERON (11/1/3/1/7)

Die afwisseling van lede van die Ouditkomitee word aangemoedig in MFMA Omsendbrief 65 van 12 November 2012 ten einde die onafhanklikheid van die komitee te bevorder. Die omsendbrief bepaal verder dat lede nie vir 'n aaneenlopende termyn van meer as ses jaar aangestel moet word nie.

Mnre Becker en De Jager dien vir die derde termyn op die Ouditkomitee en verstryk hul termyn op 31 Desember 2015. Me M Roos is op die Ouditkomitee aangestel tot 31 Julie 2017.

Daar moet gevolglik twee nuwe lede aangestel word en is 'n werwingsproses vir hierdie doeleindes deurloop.

#### BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat 'n advertensie in die plaaslike koerant geplaas was om lede van die publiek uit te nooi om op die munisipaliteit se ouditkomitee te dien;
- (b) Dat die volgende kandidate (sien CV's aangeheg) oor die nodige ervaring en/of aan al die vereistes voldoen het om as lede van die gekombineerde Finansiële-, Risiko- en Prestasie Ouditkomitee van Swartland Munisipaliteit te dien, naamlik
  - Me L Waring;
  - Mnr A B Theron;
- (c) Dat goedkeuring verleen word dat gemelde persone aangestel word as lede van die Ouditkomitee vir 'n termyn van drie jaar vanaf 15 November 2015 tot 15 November 2018;
- (d) Dat die vergoeding van lede van die Ouditkomitee vir die voorbereiding en bywoning van vergaderings in ooreenstemming sal wees met die uurlikse tariewe soos goedgekeur deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 12 November 2012;
- (e) Dat lede van die Munisipale Prestasie Ouditkomitee ingevolge artikel 14(2)(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Beplannings- en Prestasiebestuur Regulasies van 24 Augustus 2001 op 'n jaarlikse basis aangestel moet word, en dat goedkeuring derhalwe verleen word vir die heraanstelling van me M Roos vanaf 1 Januarie 2016 tot 31 Desember 2016.

### 7.2 VERSLAG OOR GEMEENSKAPSONTWIKKELING PROJEKTE – 2013-2014 – UITKOMSTE EN IMPAK (17/2/2)

Die verslag tot die sakelys bevat 'n volledige uiteensetting van die projekte wat gedurende 2013/2014 geïmplementeer was, die beplande en bereikte en die beplande en bereikte impak van die projekte.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste – ondersteun deur die voorsitter – doen 'n beroep op raadslede om die verslag deeglik te bestudeer om bewus te wees van die impak van die projekte wat voortspruit uit die Swartland Munisipale Sosiale Ontwikkelingsplan en -Strategie.

Die voorsitter moedig verder raadslede aan om betrokke te raak by, veral vakansieprogramme, wat deur die betrokke departement aangebied word.

Besluit/

7.2/...

**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die uitkomste en impak van die gemeenskapsontwikkeling projekte vir 2013/2014;
- (b) Dat die Afdeling: Gemeenskap Ontwikkeling jaarliks teen Augustus die uitkomste en impak van gemeenskapsontwikkeling projekte vir die voorafgaande twee jaar aan die Raad sal rapporteer.

**7.3 VERSLAG OOR INTERNE SOSIALE ONTWIKKELINGSKOMITEE AKSIEPLANNE (17/1/1)**

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 13 November 2013 verskeie aksieplanne goedgekeur wat voortspruit uit die Swartland Sosiale Ontwikkelingsplan en –Strategie.

Die Interne Sosiale Ontwikkelingskomitee is getaak om die aksieplanne op 'n kwartaallikse basis te monitor en toe te sien dat dit aan die relevante departemente vir implementering voorgelê word.

Die verslag tot die sakelys dien as die jaarlikse terugvoering aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee insake die vordering met die implementering van aksieplanne. Daar is baie aandag geskenk om planne in plek te kry om die munisipale geboue vir gestremdes toeganklik te maak.

Die voorsitter meld dat daar reeds opdrag aan die Direkteur: Beskermingsdienste gegee is om 'n beroep by die betrokke owerhede te doen om 'n eenvormige lisensieskyfie aan gestremdes in die Weskaap uit te reik. Tans word gestremdes beboet omdat die stelsel van owerheid tot owerheid verskil, en word dit as baie onregverdig teenoor die gestremde persoon beskou.

**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die verslag insake die toegang vir rolstoelgebruikers tot munisipale fasiliteite asook die aanbevelings;
- (b) Dat kennis geneem word van die voorlopige sketse soos opgestel deur die Departement: Siviele Ingenieursdienste na aanleiding van die verslag se aanbevelings;
- (c) Dat goedkeuring verleen word om R30 000 op die operasionele begroting (2016-2017) te plaas vir die implementering van aksieplan 1, 2 en 5;
- (d) Dat verder kennis geneem word van die aanpassings wat vir die biblioteke beplan word met behulp van die subsidie vanaf die Departement van Kultuursake en Sport;
- (e) Dat, tot tyd en wyl alle munisipale kantore toeganklik vir rolstoelgebruikers is, goedkeuring verleen word dat rolstoelgebruikers amptenare en raadslede kan besoek in lokale wat vir hulle toeganklik is bv. stadsaal by hoofkantoor; Malmesbury deur vooraf dienooreenkomstig te reël;
- (f) Dat bogenoemde reëling ten opsigte van die akkommodering van rolstoelgebruikers by munisipale geboue in die media, sosiale media en Facebook gekommunikeer word en in die volgende diensleweringstandaard handboek ingesluit word;
- (g) Dat verder kennis geneem word dat die besprekingsdokument oor Vroeë Kinderontwikkelingsfasiliteite eersdaags versprei sal word ter voorbereiding van 'n werkwinkel met amptenare en raadslede;

(h)/...

7.3/...

- (h) Dat, weens die aantal gestremde persone in die munisipale gebied, die voorsitter opdrag gee dat daar in toekomstige begrotings fondse geallokeer moet word om die munisipale kantore vir gestremdes toeganklik te maak.

#### **7.4 AANPASSING VAN LEWENSDUUR VAN INFRASTRUKTUUR BATES (6/1/4)**

Die Uitvoerende Burgemeester het tydens die begrotingsrede op 28 Mei 2015 opdrag gegee dat die nuttige lewensduur van bates deeglik geëvalueer word ten einde vas te stel of die lewensduur van bates verleng kan word om die koste aan depresiasie te verminder.

Hierdie opdrag is deurgegee aan die bestaande diensverskaffer, *Aurecon*, wat 'n "desktop"-evaluering sal doen insake die volledigheid van die Bateregister, sowel as 'n evaluering van die nuttige lewensduur van bates ten einde 'n aanbeveling in hierdie verband te maak.

'n Verdere aanbeveling van *Aurecon* is om die Bateregister – wat al redelik verouderd is – elke vyf jaar te hersien en te audit, om aan te pas by bv. nuwe meesterplanne en beleidsriglyne. Hierdie aanbeveling het egter verreikende koste implikasies.

#### **BESLUIT**

Dat goedkeuring verleen word om nie die volledige stelsel aan te koop nie, maar slegs die voorgestelde "desktop"-evaluering ten bedrae van R129 160,80 en dat die uitgawe vanuit MSIG-fondse gefinansier word.

#### **7.5 VERKOOP VAN UITGEDIENDE BATES PER OPENBARE VEILING, DIE AFSKRYWING VAN VERSEKERINGSEISE ITEMS EN ITEMS WAT VERNIETIG MOET WORD EN AFSKRYF VAN UITGEDIENDE VOORRAAD (6/1/3)**

Die Batebestuursbeleid bepaal dat die uitgediende bates van die Raad per openbare veiling verkoop moet word.

Die lysie van uitgediende bates is met die sakelys gesirkuleer.

#### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word dat die gelyste bates ingevolge die Batebestuursbeleid as uitgedien geag is, naamlik –

- uitgediende bates wat per openbare veiling verkoop sal word;
- gesteelde items ingevolge versekeringseise vir die 2014/2015 finansiële jaar;
- bates wat vernietig moet word wat nie op die veiling verkoop mag word nie;
- uitgediende voorrade in die skryfbehoeftestoor wat afgeskryf moet word.

#### **7.6 ONDERSTEUNING AAN YZERFONTEIN TOERISME: YZERFONTEIN FEES (12 DESEMBER 2015 – 10 JANUARIE 2016) (10/2/1, 17/9/1/3, 17/10/1/2)**

'n Aansoek is ontvang vanaf die Yzerfontein Toerismeburo wat vir die derde jaar die Yzerfontein Fees reël. Die fees word aangebied oor die tydperk 12 Desember 2015 tot 10 Januarie 2016 en die munisipaliteit se ondersteuning word op verskeie terreine – soos volledig uiteengesit in die verslag tot die sakelys – benodig.

#### **BESLUIT**

- (a) Dat verhoogde dienslewering oor die vakansieseisoen aangepas word a.g.v. verhoogde besoekersgetalle, en – waar nodig – addisionele personeel aan diens gebring moet word;
- (b) Dat, soos in die verlede, geen betaling gevorder word vir addisionele dienste nie en dat die versoeke van die Yzerfontein Toerismeburo, soos gemeld in die verslag, goedgekeur word.

**7.7 VERHUUR VAN MUNISIPALE EIENDOM OP RIEBEEK KASTEEL (12/1/3/1-11/1)**

Die Raad verhuur 'n buitegebou geleë op 'n gedeelte van erf 147, Riebeek Kasteel aan die Riebeek Cellars op 'n jaar tot jaar basis vir doeleindes van die stoor en koelhou van hul wyne.

Die huurtermyn verstryk op 30 November 2015.

**BESLUIT**

- (a) Dat die buitegebou geleë op 'n gedeelte van erf 147, Riebeek Kasteel uit-die-hand-uit vir 'n verdere termyn van 12 maande aan Riebeek Cellars verhuur word vir doeleindes van stoor van wyn, met ingang vanaf 1 Desember 2015;
- (b) Dat die huurgeld verhoog word met 10% na R178,00, plus 14% BTW per maand;
- (c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

**7.8 VERHUUR VAN RAADSEIENDOM TE MOORREESBURG (12/1/3/1-9/1)**

Me C Alberts huur sedert 1 Desember 2014 die buitegebou op erf 3432, Moorreesburg op 'n jaar tot jaar basis vanaf die Raad vir stoordoeleindes.

Die huurtermyn verstryk op 30 November 2015.

**BESLUIT**

- (a) Dat die voormelde huurperseel vir 'n verdere termyn van 12 maande met ingang van 1 Desember 2015 aan me C Alberts verhuur word vir doeleindes van 'n stoorkamer;
- (b) Dat die huurgeld na R240,00 plus 14% BTW per maand verhoog word;
- (c) Dat die bestaande huurvoorwaardes dieselfde bly.

**7.9 HUUR VAN SPORTGERIEWE TE MALMESBURY (17/9/2/R)**

Die Raad verhuur die volgende akkommodasie te Malmesbury aan die onderskeie sportklubs, naamlik –

- spasio (groot ±50m<sup>2</sup>) onder die Wesbank Gemeenskapsaal vir gebruik deur die Omega Pigeon Racing Club;
- spasio (groot ±63m<sup>2</sup>) onder die Wesbank Gemeenskapsaal vir gebruik deur die Malmesbury Weightlifting Club;
- 'n Container Gym (groot ±66m<sup>2</sup>) op die perseel aangrensend aan die meerdoelige sentrum te Ilinge Lethu vir gebruik deur die Fitness Planet Gym.

Die huurtermyn wat op 'n jaar tot jaar basis hernu word, verstryk op 30 November 2015.

**BESLUIT**

- (a) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met die Omega Pigeon Racing Club aangegaan word vir die huur van spasio (groot ±50m<sup>2</sup>) te Wesbank gemeenskapsaal, Malmesbury, m.i.v. 1 Desember 2015;
- (b) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met Malmesbury Weightlifting Club aangegaan word vir die huur van spasio (groot ±63m<sup>2</sup>) te Wesbank Gemeenskapsaal, Malmesbury, m.i.v. 1 Desember 2015;
- (c) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met Fitness Planet Gym aangegaan word vir die huur van die Container Gym (groot ±66m<sup>2</sup>) geleë op die perseel van die meerdoelige sentrum te Ilinge Lethu, Malmesbury, m.i.v. 1 Desember 2015;
- (d)/...

7.9/...

- (d) Dat die huurtermyn nie 'n periode van twaalf (12) maande oorskry nie wat jaarliks hernu kan word;
- (e) Dat huurgeld van R100,00 per jaar, plus BTW, in al drie gevalle gehef word.

**7.10 UITSTAANDE DEBITEURE: OKTOBER 2015 (5/7/1/1)**

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Oktober 2015.

**7.11 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer;
- (b) Dat die wnd Direkteur: Finansiële Dienste 'n ondersoek loods om 'n standaard te bepaal t.o.v. die aantal versekeringseise wat deur munisipaliteite hanteer word, om sodoende Swartland Munisipaliteit se aantal versekeringseise met die res te kan vergelyk.

**7.12 VOORGESTELDE HERROEPING VAN VOORWAARDE, ASOOK DIE HERSONERING EN AFWYKING OP ERF 37, RIEBEEK KASTEEL (15/3/3-11, 15/3/4-11) (WYK 12)**

'n Aansoek is ontvang namens die eienaars, *RA & PJ Ingarfield*, vir die herroeping van 'n goedkeuringsvoorwaarde rakende die hersonering van 'n gedeelte van erf 37, Riebeek Kasteel om die beperking van gebruik as 'n restaurant en koffiewinkel te verwyder.

Aansoek word nou gedoen vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 37 (groot ±85m<sup>2</sup>), geleë h/v Kerk- en Walterstraat, Riebeek Kasteel vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 1 ten einde 'n "Craft Beer" mikro-brouery te bedryf.

Daar word ook aansoek gedoen om van die vier vereiste op-perseel parkering af te wyk.

**BESLUIT**

- A Dat die aansoek vir die herroeping van 'n goedkeuringsvoorwaarde (a) van die Raadsbesluit gedateer 24 Februarie 1999 rakende die hersonering van 'n gedeelte van erf 37, Riebeek Kasteel, ingevolge artikel 42(2)(a) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word;
- B Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 37 (groot ±85m<sup>2</sup>), geleë h/v Kerk- en Walterstraat, Riebeek Kasteel vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 1 ten einde 'n "Craft Beer" mikro-brouery te bedryf ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

**B1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**

- (a) dat die sakesone 1 sonering tot ±71m<sup>2</sup> vir die gebou en ±85m<sup>2</sup> vir die buite sit-area soos voorgedou in hierdie aansoek beperk word;



7.12(B1)/...

- (b) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (c) dat die goedkeuring van Erfenis Weskaap verkry word alvorens enige bouplanne finaal oorweeg kan word;
- (d) dat geen op-perseel parkering voorsien hoef te word nie;
- (e) dat die nodige aansoek vir die vertoning van 'n advertensieteken by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedoen word;
- (f) dat indien voedsel op die perseel voorberei en verkoop word, aansoek gedoen moet word by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir 'n handelslisensie;
- (g) dat die eienaar/ontwikkelaar hierdie munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer daar uitvoering aan die voorwaardes gegee is;
- (h) dat die hersonering ingevolge artikel 16(2)(a)(i) van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tydperk van 2 jaar geldig is;

**B2 RIOOL**

- (a) dat daar van die bestaande aansluitings gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

**B3 WATER**

- (a) dat daar van die bestaande aansluitings gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

**B4 VULLISVERWYDERING**

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir die wooneenheid sowel as vir die besigheid gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op ooggend van verwydering geplaas word;

**B5 KAPITAALBYDRAE**

- (a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van streekswater ten bedrae van R614,88. Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op bouplanstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;
- (b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. paaie ten bedrae van R10 099,80 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;
- (c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. stormwater ten bedrae van R492,48 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;
- (d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. water ten bedrae van R1 354,32 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;
- (e) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. riool ten bedrae van R1 149,12 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;
- (f) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. afvalwater behandeling ten bedrae van R2 462,40 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6220 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;
- (g) dat ingevolge die Raadsbesluit gedateer Mei 2015 daar 'n 40% korting is op die kapitaalbydraes van toepassing op Swartland Munisipaliteit. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;

7.12/...

**B6 ALGEMEEN**

- (a) dat indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die aansoeker sal wees.

**B7 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE**

- (a) dat in terme van die Paaie Ordonnansie 19 van 1976 mag geen nuwe toegange geskep of die uitleg of gebruik van bestaande toegange verander word sonder die goedkeuring van die Departement van Vervoer en Openbare Werke nie;

**B8 WESKUS DISTRIKMUNISIPALITEIT**

- (a) dat aansoek gedoen word vir die uitreiking van 'n geskikheidsertifikaat alvorens die brouery 'n aanvang neem;
- (b) dat die vereistes van Regulasie 962, Regulasies met betrekking tot Algemene Higiënevereistes vir Voedselpersele en die Vervoer van Voedsel, van toepassing is. Die aantal sanitêre geriewe moet voldoen soos voorgeskryf in Regulasie 5(3)(d)(i) van R962;
- (c) dat met die huidige plan in aggenome, moet aparte sanitêre geriewe vir mans en vroue voorsien word met minstens 2 toilette, 2 urinale en 2 handwasbakke vir mans en 2 toilette en 2 handwasbakke vir vroue;
- (d) dat die Weskus Distrikmunisipaliteit van gedetailleerde planne van die veranderinge binne die gebou voorsien word;

- C Dat die aansoek vir 'n afwyking ten einde af te wyk van die 4 vereiste op-perseel parkering deur geen op-perseel parkering te voorsien nie, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaarde:

- (a) dat 'n finansiële bydrae van R19 000,00 vir die nie voorsiening van op-perseel parkering op bouplan stadium gemaak word.

**7.13 LANGTERMYN FINANSIËLE PLAN (2014/2015 – 2018/2019)**

Die Grondwet vereis dat alle sfere van regering finansiële beleide daarstel om nie slegs lewensvatbaarheid te verseker nie, maar ook dat die lewering van basiese dienste van 'n hoë gehalte verseker word.

Die Langtermyn Finansiële Plan word derhalwe beskou as een van die belangrikste dokumente van die Raad. Die plan bevat nie slegs verskeie ontwikkelings- en implementeringsplanne vir die voorsiening van basiese dienste nie, maar sal ook die Raad en bestuur kan bystaan om ingeligte besluite te neem ten opsigte van kapitaalprogramme en die befondsing daarvan.

Die Munisipale Bestuurder noem dat daar veral gelet moet word op die strategieë wat uit die Langtermyn Finansiële Plan voortspruit, en om dit in ag te neem wanneer toekomstige begrotings opgestel word.

**BESLUIT** (vir inbeginselgoedkeuring deur die Raad)

- (a) Dat die Langtermyn Finansiële Plan aan die Raad vir inbeginselgoedkeuring aanbeveel word;
- (b) Dat, aangesien die Langtermyn Finansiële Plan as 'n sektorale plan tot die 2016/2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan gevoeg moet word, en die strategieë wat uit die plan voortspruit ook in die Strategiese Hoofstuk van die GOP vervat moet word, die finale goedkeuring van die Langtermyn Finansiële Plan tesame met dié van die GOP sal geskied.

7.14/...

#### **7.14 VOORLEGGING VAN DIE KONSEP VERORDENINGE INSAKE (1) INFORMELE HANDEL EN (2) GELEENTHEDE (1/1)**

Die vermelde konsep verordeninge word ingevolge paragrawe 56 en 57 van die nuwe Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings, soos afgekondig in die Buitengewone Provinsiale Koerant, Nr 7501 gedateer 2 Oktober 2015 voorgelê.

##### **BESLUIT**

- (a) Dat goedkeuring verleen word om die konsep Verordening insake Informele Handel en die konsep Verordening insake Geleentheid aan die Raad op 26 November 2015 vir beginselgoedkeuring voor te lê;
- (b) Dat, na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordeninge vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste;
- (c) Dat kennis geneem word dat 'n breër konsultasie sal plaasvind met rolspelers betrokke by die reël van geleentheid, vandaar die langer periode tot en met 12 Februarie 2016 vir publieke deelname.

#### **7.15 SWARTLAND PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSTRATEGIE (2/1/4/4/B)**

Die doel van die Swartland Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingstrategie is om voort te bou op die strategieë in die GOP, en fokus op die volgende areas ten einde ekonomiese ontwikkeling te optimaliseer, naamlik:

- (1) Om die kompeterende voordeel van die Swartland te versterk;
- (2) Om besighede aan te spoor om hier te vestig en te groei;
- (3) Om toe te sien dat plaaslike markte beter werk om sodoende geleentheid vir kleiner besighede te verhoog;
- (4) Om die Swartland streek aantreklik te maak vir diegene wat belastings kan betaal;
- (5) Om toegang tot ekonomiese geleentheid vir plaaslike inwoners te vergemaklik.

##### **BESLUIT**

Dat die Swartland Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingstrategie in beginsel goedgekeur word met die oog op advertering en bekendmaking vir publieke insette en kommentaar.

#### **7.16 VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 7371, MALMESBURY (15/3/10-8) (WYK 8)**

Die item het sedert Augustusmaand oorgestaan ten einde geleentheid te gee vir gesprekvoering met die betrokke rolspelers.

Die voorsitter verskaf agtergrond aangaande die gesprekke met Sasko, Nova Voere en Kaap-Agri aangaande die vestiging van 'n verkeerslig by die Bokomoweg/ Spoorwegstraat-aansluiting en die opgradering van Bokomoweg.

Kaap-Agri is van voorneme om sekere geboue op erf 7371, Malmesbury te sloop om voldoende spasie te skep vir die vestiging van 'n diensstasie, sowel as 'n gerieflikheidswinkel. Siende dat die diensstasie 'n primêre reg is het Kaap-Agri nie nodig om 'n grondgebruiksaansoek in te dien nie, maar slegs 'n bouplan. Aansoek moet wel gedoen word vir 'n vergunningsgebruik ten einde die winkel te akkommodeer.

##### **BESLUIT**

- A Dat die aansoek vir 'n vergunningsgebruik op 'n gedeelte van erf 7371 (groot ±208m<sup>2</sup>), Malmesbury ingevolge artikel 7, Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskema-regulasies van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n winkel, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

7.16(A)/...

**A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**

- (a) dat 'n aansoek vir 'n slopingspermit by die Afdeling: Boubeheer ingedien word, alvorens daar met enige slopingswerke begin word;
- (b) dat die nodige maatreëls toegepas word ten einde die konstruksiewerk insluitend die slooping van die geboue af te skerm om so die veiligheid van padgebruikers sowel as voetgangers langs Bokomoweg en Spoorwegstraat te verseker;
- (c) dat bogenoemde werke nie die vloei van voertuig- of voetganger-verkeer langs bogenoemde strate mag versper nie;
- (d) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word, alvorens daar met bouwerke 'n aanvang geneem word;
- (e) dat minstens 12 op-perseel parkeerplekke asook 'n laaisone op die perseel geskep word in oorleg met die Departement: Siviele Ingenieursdienste;
- (f) dat 'n skriftelike ooreenkoms tussen die partye aangegaan word, waarin hul bereidwilligheid om die ooreengekome finansiële bydrae vir die daarstelling van 'n verkeerslig te maak soos op 'n datum onderling ooreengekom, bevestig word;
- (g) dat die beswaarmakers daarop gewys word dat hulle nie 'n reg tot appèl teen hierdie besluit het nie;

**A2 WATER**

- (a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele wateraansluitings voorsien sal word nie;

**A3 RIOOL**

- (a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele rioolaansluiting voorsien sal word nie;

**A4 STRATE EN STORMWATER**

- (a) dat die volgende werke uitgevoer word:
  - (i) dat 'n linksdraai laan in die oostelike rigting by die Bokomoweg / Spoorwegstraatkruising aangebring word;
  - (ii) dat 'n linksdraai laan in 'n suidelike rigting in Bokomoweg aangebring word om slegs links in toegang tot die diensstasie te voorsien;
  - (iii) dat 'n voetgangerslaan van 1.8m aangrensend tot erf 7371 in Bokomoweg aangebring word;
  - (iv) dat die op perseel uitleg voorsien vir voldoende parkering en voertuig beweging;
  - (v) dat Spoorwegstraat vir die volle wydte vanaf die begin van erf 7371 se toegang vanuit Spoorwegstraat tot die aansluiting met Bokomoweg voorsien word van 'n 100mm bitumineuse behandelde kroonlaag en 'n 40mm slytlaag;
- (b) dat die aansoeker 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel om die aanbevelings te ontwerp. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê word vir goedkeuring en die konstruksiewerk moet onder die toesig van die ingenieur uitgevoer word;

**A5 VULLISVERWYDERING**

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadje op oggend van verwydering geplaas word;

A6/...

7.16(A)/...

**A6 ELEKTRISITEIT**

- (a) dat daar kennis geneem word dat daar 'n bestaande substasie op die perseel is, en indien die substasie verskuif moet word, die koste van die verskuiwing vir die eienaar / ontwikkelaar sal wees;

**A7 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE**

- (a) dat die toegang tot hoofpad 224 beperk word tot 'n links-in by  $\pm 0,69$ .km merk;
- (b) dat die toegang vanaf hoofpad 224 so ontwerp word dat dit fisies enige links-uit en regs-in bewegings moet verhoed;
- (c) dat die ontwerp van die toegang by die kantoor, Padnetwerk Bestuur van die Departement van Vervoer en Openbare werke (Mnr W M Sibernagl) ingedien moet word vir goedkeuring;

**A8 ALGEMEEN**

- (a) dat indien dit nodig sou wees om enige bestaande dienste nie bo vermeld op te gradeer ten einde die ontwikkeling van dienste te kan voorsien, dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;

B Dat die voorgestelde vergunningsgebruik op erf 7371, Malmesbury om die volgende redes goedgekeur word:

- (a) Die aansoek is versoenbaar met die bestaande beplanning in die gebied;
- (b) Die nodige mitigerende maatreëls en aanbevelings sal toegepas word om veilige voetganger en verkeerbeweging te verseker;
- (c) Die aansoek word as sinvol en wenslik geag.

**(GET) T VAN ESSEN  
UITVOERENDE BURGEMEESTER**